SAAMPRAATPAPIER **27 JANUARIE 2013**

1. **Lees** Johannes 1: 9 – 18. Veral vers 16 – 18:

Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.
God het die wet deur Moses gegee;
die genade en die waarheid
het deur Jesus Christus gekom.
Niemand het God ooit gesien nie.
Sy enigste Seun, self God,
wat die naaste aan die Vader is,
die het Hom bekend gemaak.

2. **Deel met mekaar** wat vir jou uitstaan/jou aanspreek in die gedeelte.

3. "Genade" (vers 16) : Wat is dit? **Hoe sal julle dit omskryf**; gee met ander woorde inhoud of 'n definisie daaraan.

4. Wat en wanneer is genade "genade op genade" (v16)? **Bespreek.**

5. **Deel in die groep:** Wanneer beleef jy veral die Here se genade; as Hy wat doen/as Hy hoe optree in die algemeen of teenoor jou in die besonder (bv dat Hy gesondheid gee, dat Hy gebede verhoor)

6. Wat prakties in die lewe/in jou lewe herinner jou gedurig daaraan/"trigger" jou besef daarvan dat God 'n God van genade is/jou spesifiek genadig is? (bv as jy 'n babatjie sien, as j yonder die sterrehemel staan). **Deel dit in die groep**

7. Sondag het ons Nagmaal gehou. **Deel in die groep** wat vir jou rondom die Nagmaalgebeure uitstaan.

8. **Bid** as groep saam waar julle net die Here dank vir al Sy genade.

††††††